# LAERSKOOL EUREKA

Klisserweg, Kimberley, 8301
Telefoon: 087 310 5310
Faks: 053 861 3849
Faks na Epos: 086 566 4916
E-pos: krediteure@eurekalaerskool.co.za
E-pos: sport@eurekalaerskool.co.za

Posbus 11020
Hadisonpark
8306
E-pos: admin@eurekalaerskool.co.za
www.eurekalaerskool.co.za

3 Februarie 2023

Geagte Ouers

Die doel van die inligtingsbrief is om inligting deur te gee aan u as ouer vir beplanning en doeltreffende kommunikasie. Ons vra u om asb. saam met u kind die inligtingsbrief deur te lees sodat hulle ook weet wat daarin staan. Ons kommunikeer daagliks met die leerders ook.

Ons as Eureka-familie kan baie trots wees met die uitleef van ons leuse, “Slegs die beste”, tydens die aanbied van ons Sone-atletiekbyeenkoms. Ek wil in besonder vir Mnr. Stiaan geluk wens met die professionele organisasie en beplanning van die byeenkoms. Aan elke Eureka-onderwyser en -afrigter wat bygedra het tot hierdie groot sukses, baie dankie. Geluk ook aan elke atleet wat deelgeneem het en net hul beste gegee het. Ons is trots op elkeen. Sterkte vir die atlete wat gekwalifiseer het om nou verder te gaan deelneem. Afrigting sal voortgaan soos op die buitemuurse program.

Ons Juniorkoor het reeds hierdie week tydens skoolure begin oefen en ons sien uit om hulle op ons verhoog te verwelkom vir hul eerste optrede. Die Seniorkoor sal Donderdag, 9 Februarie, hul eerste oefening hê en hul oefentye is op die buitemuurse program. Landsdiens sal ook op die betrokke dag begin na afloop van die kooroefening.

Pappas, dit is weer tyd vir ons jaarlikse Wildsfees. Bring vriende en familielede om te verseker dat julle reg is vir die jagseisoen. Tafels kan bespreek word by mev. Michelle Matthys, teen R2 400


GO WELL

Jet Set Motors
Longstraat 64 - Tel. 053 836 9904

vir 8 persone of u kan ook individueel bespreek vir R300. Skakel asb. eers vir mev. Michelle Matthys om u tafelnommer te kry voordat u die betaling doen. Om teleurstelling te voorkom, kan u 'n EFT-betaling doen met die volgende verwysing: Besigheidsnaam/Individuele naam en tafelnommer. Kom ondersteun ons asb.

Ons gee net weer die inligting deur rakende die redenaars, soos uiteengesit in inligtingsbrief 2 van 27 Januarie 2023. Daar is ook 'n werkswinkel vir belangstellende redenaar-deelnemers wat ons op die verskeie WhatsApp-groepe gedeel het. Con Spirito bied dit aan en u moet asb. self registreer.

Dit het onder ons aandag gekom dat van die leerders hul eie medikasie saambring skool toe. Mev. Marileen Badenhorst is verantwoordelik vir die noodhulp by die skool en sy hanteer alle skrape en stampe. Sy mag ongelukkig geen medikasie gee nie en sal u kontak indien dit nodig is vir enige medikasie. U sal saamstem dat u nie gelukkig sal wees as 'n ander kind vir u kind medikasie gee nie. Ons as skool vra regtig u samewerking in hierdie geval.

Baie dankie aan die ouers wat die skoolfonds getrou betaal. Ons heg weer 'n skoolfondsbrief aan vir diegene wat dit verlê het. Skoolfondsstate sal so spoedig moontlike per e-pos gestuur word.

Met al die onvoorsiene veranderinge buite ons beheer, heg ons ook net weer 'n hersiene kwartaalprogram aan, sodat u beplanning kan doen.

Eureka-groete

Dr. Etienné Venter
SKOOLHOOF

Inligtingsbrief 3/2023

# Laerskool FEBRUARIE 2023 Eureka

| SUNDAY | MONDAY | TUESDAY | WEDNESDA | THURSDAY | FRIDAY | SATURDAY |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 29 | 30 | 31 | 1 | 2<br>Atletiek – Cluster<br>De Beers | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9<br>Mini - Krieket | 10 | 11<br>Atletiek - Kim skole<br>De Beers |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16<br>Mini – krieket<br>Graad R & RR<br>Stap en Trap | 17<br>Landboudal 0/13<br>Rugby + Netbal<br>Gr 6 – Wiskunde<br>Gr 7 - Wiskunde | 18<br>Landboudal 0/13<br>Rugby + Netbal |
| 19 | 20 | 21<br>Gr 7 - Geskiedenis | 22 | 23<br>BHL vergadering<br>17:15<br>Con Spirito<br>redenaars 14:30<br>Staats<br>Mini - Krieket | 24<br>Tennis – senergy<br>Gr 6 – Afrikaans<br>Gr 7 -<br>Natuurwetenskap | 25<br>Atletiek - Frances<br>Baard<br>De Beers<br>Tennis - Senergy |
| 26<br>Tennis - senergy | 27 | 28<br>Gr 4 –Engels<br>Gr 5 – Wiskunde<br>Gr 6 – NWT<br>Gr 7 - Afrikaans | 1 | 2 | 3 | 4 |

**Laerskool MAART 2023 Eureka**

| SUNDAY | MONDAY | TUESDAY | WEDNESDA | THURSDAY | FRIDAY | SATURDAY |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 26 | 27 | 28 | 1 | 2 | 3<br>Seodin 0/11 – 0/13 Rugby<br>Netbal 0/9 – 0/13<br>Gr 4 – Afrikaans<br>Gr 5 – Engels<br>Gr 6 – Geografie<br>Gr 7 - EBW | 4<br>Seodin 0/11 – 0/13 Rugby<br>Netbal 0/9 – 0/13 |
| 5 | 6 | 7<br>Gr 4 – Geskiedenis<br>Gr 5 – Afrikaans<br>Gr 6 – Geskiedenis<br>Gr 7 - Geografie | 8 | 9<br>Staats 0/9<br>Rugby + Netbal | 10<br>Staats 0/11 – 0/13 Rugby + 0/9 – 0/13 Netbal<br>Gr 4 – NWT<br>Gr 5 – NWT<br>Gr 6 – Engels<br>Gr 7 – Engels<br>Radikale Redenaars - inskrywings sluit | 11<br>Staats 0/11 – 0/13 Rugby + 0/9 – 0/13 Netbal<br>Fichardtpark 0/9 Rugby |
| 12 | 13 | 14<br>Gr 4 – Wiskunde<br>Gr 5 – Geskiedenis<br>Gr 6 - Wiskunde | 15<br>Graad R & RR<br>Atl;etiek /<br>Boeresport | 16<br>Graad 7 – uitstappie<br>Wildsveiling | 17<br>Rugby + Netbal 0/13 H/S<br>Diamantveld<br>Gr 4 – Geografie<br>Gr 5 - Geografie | 18<br>Rugby + Netbal<br>0/13 H/S<br>Diamantveld |
| 19 | 20<br>Skole vakansiedag | 21<br>Menseregte dag | 22<br>Bloem toer 0/11- 0/13 Rugby en 0/12 -13 Netbal | 23<br>Bloem toer 0/11- 0/13 Rugby en 0/12 -13 Netbal<br>Radikale Redenaars - Sluitingsdatum vir videos | 24<br>Bloem toer 0/11- 0/13 Rugby en 0/12 -13 Netbal | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30<br>BHL vergadering 17:15 | 31<br>Skool sluit<br>0/13 Rugby toer Paarl | 1 |

# Skoolfonds 2023

## ***Maandeliks*** per kind in skool

| | | |
|---|---|---|
| Kleuters en Gr R | R 1 500.00 | 11 Maande: Januarie - November |
| Gr 1 - 7 | R 1 300.00 | 11 Maande: Januarie - November |

## ***Kwartaalliks*** per kind in skool

| | | |
|---|---|---|
| Kleuters en Gr R | R 4 125.00 | 4 Kwartale: Eerste week van die kwartaal |
| Gr 1 - 7 | R 3 575.00 | 4 Kwartale: Eerste week van die kwartaal |

## ***Jaarliks*** per kind in skool

| | | |
|---|---|---|
| Kleuters en Gr R | R 16 500.00 | Voor of op 28 Februarie |
| Gr 1 - 7 | R 14 300.00 | Voor of op 28 Februarie |

## ***Let wel:***

1. **Geen** afslag of korting indien **volle bedrag** in 1 paaiement betaal word nie.
2. **Geen** afslag of korting vir **3de kind** in skool nie.
3. Gelde kan by kantoor, bank of oor die internet betaal word.
4. **Kontant** moet asb. by die skool inbetaal word en **NIE** in die skool se bankrekening nie aangesien die skool hoë kostes moet betaal vir kontant inbetalings.

| | |
|---|---|
| **Naam van Rekening** | **Laerskool Eureka** |
| **Bank Naam** | **ABSA Kimberley: 632005** |
| **Rekening Nommer** | **940 490 049** |
| **Verwysing** | **Kind se voorletters, van en graad bv. AM Kok 7E** |

5. Kaart fasiliteite, SAMBA en Debietorder fasiliteite is beskikbaar by die skool.
6. **Debietordervorm** moet aangevra word by die die kantoor.
7. Reëlings vir "wanbetalings" **moet** skriftelik ingedien word, of per e-pos na **debiteure@eurekalaerskool.co.za**
8. **Kwytskelding** aansoekvorms **MOET** by die kantoor afgehaal word.
9. **Skoolfondsstate** word kwartaalliks aan ouers ge-epos, maak asb. seker u epos adres is korrek.
10. **Gr. RR (Kleuters)** is **NIE** skoolpligtend nie en **MOET** dus skoolfonds betaal. Indien kleuters se skoolfonds **3 maande agterstallig** is kan die Skoolhoof die ouers vra om die kind uit die skool te haal.



**R2 400**

**per tafel van 8 of R300 pp**

# LAERSKOOL EUREKA [illegible]RAMME-AAND 2023

datum Donderdag, 16.03.2023

tyd 18h00 vir 18h30

waar Laerskool Eureka Skoolsaal

VIR BESPREKINGS KONTAK

**087 310 5310**

ETE INGESLUIT · KONTANTKROEG

*met Pieter Möller*

